GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 20 November 2022

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardae

19 November	Ds R (Ruan) Steyn – GK Tsumeb
22 November	Ds PJ (Petrus) Grové – GK Wapadrant
	Ds MG (George) Mdluli – GK Diepkloof
23 November	Mev MM (Griet) Swanepoel, eggenote van ds CB (Christo) Swanepoel – GK Lyttelton
	Mev HC (Carien) Lion-Cachet, eggenote van dr J (Jan) Lion-Cachet – GK Klerksdorp

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

18 November	Dr SF (Francois) Kruger – GK Middelburg
20 November	Ds LJ (Louis) Buys – GK Benoni
23 November	Mev CJ (Rina) Erasmus, eggenote van dr JJJ (Kobus) Erasmus – GK Volksrust/Ermelo

Hartlike gelukwense aan die volgende personeellid met sy verjaardag

18 November	Me Wilna Myburgh
23 November	Me Martie Lakay

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Doodsberigte

Mev Petra Ligthelm, weduwee van wyle ds Johan Ligthelm (emerituspredikant van GK Hendrina) is op 15 November 2022 oorlede.

Simpatie betuiging aan

- Ds Hennie en Marteli Reinecke van GK Kuruman, met die afsterwe van sy moeder.
- Ds Hessel en Annatjie Dijkstra, emeritusegpaar van Groblersdal en mev Ietje du Plessis, weduwee van ds D du Plessis van GK Wilropark, met die afsterwe van hul suster.

Hartlike gelukwense aan

Ds Rodney van Wyk van GK Grassy Park. Ds Van Wyk is vanaf 1 November 2022 as die Tussentydse Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aangewys.

bybelgenootskap van suid-afrika
bible society of south africa
maatskappy sonder winsoogmerk
non-profit company
maatskappy registrasieno / company registration no 2008/007505/08

MEDIAVERKLARING

9 November 2022

Bybelgenootskap van Suid-Afrika wys nuwe Tussentydse Uitvoerende Hoof aan

BELLVILLE, KAAPSTAD – Ds Rodney van Wyk is onlangs as die Tussentydse Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aangewys.

Hy neem die leisels oor by ds Dirk Gevers wat nou die posisie van Sekretaris Generaal van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe beklee. Albei dien reeds sedert 1 November 2022 in hul onderskeie posisies.

Ds Van Wyk dien al sedert 2008 op die Bybelgenootskap se Raad van Direkteure en dra aansienlike kennis oor die Bybelmissie en die werksaamhede van die organisasie. Hy is in 2012 tot voorsitter van die Raad verkies en het vir twee agtereenvolgende termyne (ses jaar) gedien. Hy was daarna vir nog twee jaar 'n lid van die Raad.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang

- Ds SA (Stephanu) de Villiers van GK Grootfontein na GK Randburg as medeleraar

Proponente beroepbaar gestel

Proponent MD Letebele (David en Emily)
Sel: 079 064 4754 of 073 558 5533
E-pos: serameletebele@gmail.com

GEREFORMEERDE GEMEENTE
WALVISBAAI / SWAKOPMUND
Gereformeerde Kerk in Namibië

Eredienste in Walvisbaai en Swakopmund
Desember 2022

In Desember ontvang ons baie besoekers uit Suid-Afrika aan die die kus van Namibië. Walvisbaai en Swakopmund se weer is in Desember baie aangenaam, en dit is ’n gewilde toeristebestemming.

Die GK Walvisbaai/Swakopmund het die volgende eredienste in Desember:

- Elke Sondag in Desember is daar 9:00 ‘n erediens in Walvisbaai en 11:00 ‘n erediens in Swakopmund, behalwe op Sondag 25 Desember. Op Sondag 25 Desember is daar ‘n erediens in die amfiteater van Swakopmund om 9:30 en dr. Heinrich Zwemstra is die prediker.
- Die adres van die kerkgebou in Walvisbaai is Theo-Ben Gurirabstraat 137, Walvisbaai.
- Die adres van die kerkgebou in Swakopmund is H/v Kiaat & Tsavoritestraat, Swakopmund.
- Die amfiteater in Swakopmund is in Tobias Hainyekostraat, Swakopmund.
- Altwee kerkgeboue se ligging word ook op *google maps* gegee, en kan gevind word deur die “Gereformeerde Kerk Walvisbaai/Swakopmund” in te tik. Maak net seker dat u by die regte dorp is want daar is ‘n kerkgebou in elke dorp.
- Die koördinate van die amfiteater in Swakopmund is: 22.676932,14.524858

Besoekers is baie welkom by ons eredienste in Walvisbaai en Swakopmund, en by die erediens in Swakopmund op Kersdag.

Dr. H.M. Zwemstra
Tel: +264 64 203 866 Sel: +264 81 277 7456

Uitnodiging

Viering van die 125-jarige ingebruiksneming van die kerkgebou van die eerste Gereformeerde gemeente in Pretoria

Alle Afrikaanse gemeentes van Gereformeerde Kerke in Pretoria word hiermee hartlik uitgenooi na 'n Psalm- en Skrifberymingsfees.

Datum: 26 November 2022
Plek: Gereformeerde Kerk Pretoria, WF Nkomostraat, Pretoria Sentraal (reg oorkant die huis van Oud-President Kruger)
Tyd: 15:00 tot 16:30 (Om 15:00 gaan ons al singende (Ps. 100) deur die hoofingang na binne)
Kleredrag: Netjies informeel
RSVP: Teen 14 November 2022 by die Skriba, Frik Eloff: frikceloff@gmail.com of 082 579 0745 (vir beide geleenthede)
Navrae: Arie of Hubré Stavast (082 782 8969 of 082 571 1840)

'n Sagte kollekte sal gehou word. Snapscan-donasies welkom. (Instandhouding en orrelfonds). Ligte verversings sal na afloop van die funksie bedien word.

Indien u op 27 November 2022 om 09:00 **Nagmaal** saam met die gemeente wil vier, moet u asseblief die kerklike getuienis ook aanstuur.

Ná die Nagmaalviering is daar 'n **Bring-en-Braai**. Elke gesin bring hul eie vleis, groentegereg, eetgerei, borde en drinkgoed. Die groentegereg word op 'n gemeenskaplike tafel geplaas. Nagereg word deur die Sustershulpaksie voorsien. Die diakens help by die vure.



Die begeleiding word gedoen op die Duitse Sauer-
wat dateer uit 1893.

Eerstejaarsafskopkamp is die perfekte begin vir jou studenteloopbaan in Pretoria! Dit is ‘n geleentheid om nuwe vriende te ontmoet wat nie net saam jou ‘n student gaan wees nie, maar ook ‘n geloofspad saam jou gaan stap! Almal wat in Pretoria gaan studeer – by UP of enige ander tersiêre instansie – is welkom om saam te kom kamp.
Die kamp word aangebied deur Juventus (GK Brooklyn se studentebediening) in samewerking met Hervormde Kerk Philadelphia.

Datum: 29 Januarie – 2 Februarie 2023
Plek: Hartbeesfontein Voortrekker Plaas
Koste: R980
Inskrywings:
https://forms.gle/6GZew6fQn6D8VgJLA
(Al die inligting wat jy benodig is op die inskrywingsvorm)

Kontak ons gerus vir meer inligting:

Armandt Pelser
armandtpelser@gmail.com

083 382 7832

Jacques Tredoux
jacques@gkbrooklyn.org.za
084 049 6216

GEREFORMEERDE PUBLIKASIES
(Calvyn Jubileumboekefonds = CJBF)

Bestel by: Administratiewe Buro
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986
(verpakking en koerierkoste uitgesluit)

			
R90.00	***R100.00***	***R140.00***	***R140.00***

Potchefstroom Teologiese Publikasies [PTP])

Bestel by: Administratiewe Buro
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986
(verpakking en koerierkoste uitgesluit)

			
R90.00	***R65.00***	***R110.00***	***R99.00***

GEDAGTE VIR DIE WEEK

So baie het U, Here my God, gedoen –

u wonders en wat U vir ons

beplan het.

Niemand kan met U vergelyk word nie.

Ek wil dit graag bekend maak,

en daaroor praat,

maar dit is te veel om op te noem.

Psalm 40:6